

Sondag 5 September

Skrifgedeelte: Titus 1	Fokusgedeelte: Titus 1:10-12
------------------------	------------------------------

Waak oor jou lewe in diens van God en jou hoop op die ewige lewe!

Ware predikers is soos Paulus: slaaf van God (soos letterlik in vs1 staan, vertaal as *dienaar*). Hulle is hart en siel gewy aan die Opdraggewer en sy doelstelling: om God se uitverkorenes te lei tot geloof, kennis van die waarheid, sodat hulle 'n lewe gewy aan God kan lei, en vas kan hoop op God se belofte: die ewige lewe (vs 1-3).

Dan is daar leraars wat sê dat hulle God se Woord verkondig, maar hulle boodskap is in stryd daarmee. Ouderlinge wat vashou aan die betroubare woord (vs 9) sal hulle argumente kan ontmasker en weerlê. Deels met die oog op weerlegging van die valse leraars in Kreta se gemeentes, moes Titus ouderlinge aanstel. Hierdie vals leraars het veral uit die geleedere van die Joodse bekeerlinge gekom.

Titus moes die ouderlinge toerus sodat hierdie leraars se mond gesnoer word, want die skade aan die gemeente en ons geloof is baie groot: hulle ondermyn die waarheid (vs 1-2) wat lei tot 'n lewe van diens aan God en wat hoop gee op die ewige lewe. Dit is die waarheid wat in Jesus Christus geopenbaar is: slegs in Hom is daar ewige lewe. Deur hulle leer word gelowiges se hoop vernietig, daarom moet ons waaksaam wees. Hulle doen dit deur teen gesag in opstand te kom: hulle verwerp die betroubare woord en stel eie argumente. So verwerp hulle die kerk se belydenis en toesig waardeur die gelowiges beskerm moet word. Daarom is wat hulle praat, onsin en misleidend, al praat hulle hoe mooi (vgl. die kenmerke van valse leraars in 1 Tess. 2:3-6)! Hulle bring huise in beroering deur vat te kry aan gesinslede, solank hulle net die derde kenmerk kan uitleef: om skaamteloos geld te maak uit hulle houvas op mense.

Vers 12 is 'n aanhaling van 'n filosoof uit die sesde eeu vC. Die Kretense was spreekwoordelik bekend as leuenaars, vrate en lui. Aan die een kant kon jy sulke valsheid onder dwaalleraars verwag. Aan die ander kant is die Kretense gelowiges, veral dié wat nog jonk in die geloof is, vatbaar vir beïnvloeding en moet beskerm word. Ook ons moet volhard in die betroubare woord om die enigste troos in Jesus Christus te behou.

Bid dat God deur sy Gees ons sal lei in die waarheid en vir Geesvervulde ouderlinge om wagters oor sy kudde te wees.

Sing: Psalm 1-2:1, 2, 3; 119-2:8, 12, 21, 22; Skrifberyming 7-2:1; 8-1:2

Ds. J Malan (Jan) (Emeritus)